

Bevolkingstendense in die RSA — Belangrikste implikasies

P. Smit

Vise-President

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Inleiding

Bevolking is en bly 'n land se belangrikste natuurlike hulpbron. Demografiese struktuurveranderinge hou derhalwe verreikende sosio-ekonomiese en politieke implikasies vir 'n land in. Ongelukkig dring intligting ten opsigte van demografiese struktuurveranderinge baie geledik tot beleidmakers, beplanners en die algemene publiek deur. Daar is derhalwe gewoonlik 'n neiging om die verlede net so in die toekoms te projekteer en daarvolgens te beplan.

In Suid-Afrika het veral *differensiële bevolkingsgroei* tussen die verskilende rasgroepe (blankes, Kleurlinge, Asiërs en swartes) en ook tussen die verskillende swart volksgroepe (Xhosas, Zoeloës, Noord-Sotho's, ens.) en herverspreiding van die bevolking (interne migrasie) belangrike *sosio-ekonomiese* en *politieke* implikasies. Daar heers egter 'n verbassende onkunde in Suid-Afrika omtrent hierdie veranderinge. Een van die redes hiervoor is waarskynlik die feit dat die Suid-Afrikaanse bevolking uit 'n groot aantal minderheidsgroepe saamgestel is en dat aspekte soos bevolkingsgroei, gesinsbeplanning, ens. in hierdie heterogene samelewning met groot omsigtigheid gehanteer moet word.

Differensiële bevolkingsgroei

Uit tabel 1 is dit duidelik dat Suid-Afrika se bevolking uit 12 *minderheidsgroepe** saamgestel is en dat geen groep 'n absolute meerderheid uitmaak nie. Die Zoeloës met 22,8% van die bevolking is die grootste groep, gevvolg deur blankes (18,7%), Xhosas (11,3%), Kleurlinge (10,7%), ens. In dié opsig verskil Suid-Afrika wesentlik van Suidwes-Afrika/Namibië waar blankes ook die tweede belangrikste volksgroep vorm, maar waar Wambo's byna 50% van die totale bevolking uitmaak.

Hierdie *plurale bevolkingsamestelling* word toenemend deur die buitenland besef, terwyl die binnelandse leiers dit ook toenemend aanvaar — hoewel die Swart Alliansie gewoonlik net van die swart bevolking (bedoelende die nie-wittes) praat. Die beskerming van minderheidsregte (ons almal se regte) word as 'n *sine qua non* vir 'n nuwe grondwet aanvaar.

*Daar kan nog volgens die sensusgegewens tussen Noord- en Suid-Ndebeles onderskei word.

TABEL 1

Die Suid-Afrikaanse bevolking 1980*

Bevolking	Getal	Percentasie
Zoeloes	5,4 miljoen	22,8
Blankes	4,5 miljoen	18,7
Xhosas	2,7 miljoen	11,3
Kleurlinge	2,5 miljoen	10,7
Noord-Sotho	2,3 miljoen	9,5
Suid-Sotho	1,8 miljoen	7,5
Tswanas	1,2 miljoen	5,1
Shangaan/Tsonga	889 000	3,7
Asiërs	780 000	3,3
Swazi	716 000	3,0
Ndebele	617 000	2,6
Venda	185 000	0,8
Ander Swartes	185 000	0,8

Hierdie minderheidsgroepe se aandeel aan die totale Suid-Afrikaanse bevolking sal in die volgende aantal jare as gevolg van differensiële bevolkingsgroei aansienlik verander.

Resente syfers ten opsigte van geboorte- en sterftekoerse en ook drastiese veranderinge in netto migrasiegetalle het veroorsaak dat bevolkingsprojeksies van die verlede oor die algemeen as "optimisties" beskou kan word (Van Tonder en Mostert 1980).

Die blankes

Die blankes maak tans 18,7% van die totale bevolking van Suid-Afrika uit, maar groei die stadigste van alle bevolkingsgroepe en sal na verwagting teen die einde van die eeu slegs tussen 11 en 12% van die totale bevolking van Suid-Afrika uitmaak. Die blankes is trouens vinnig op pad na zerogroei, want die gemiddelde aantal van 2,12 geboortes per blanke vrou in die produktiewe lewensjare, is baie na aan die syfer van 2,06 kinders wat zerogroei voorspel (Sadie 1981, bl. 21-22).

Dit is veral belangrik om daarop te let dat *fertiliteitsnorme* onder blankes binne 'n relatief kort tydperk redelik dramaties verander het. In 'n RGN-opname wat in 1966-67 uitgevoer is, het slegs 2% van die ondervraagdes 'n gesin van vier kinders as groot beskou. Teen 1974-75 het nie minder as 37% 'n gesin van vier kinders as groot beskou (Lötter 1981, bl. 10). Dit verteenwoordig 'n dramatiese verandering in persepsie van gesinsbou wat 'n groot invloed op geboortekoerse van die toekoms kan uitoefen.

*Voorlopige 1980-sensusgegewens.

Politieke onstabilitet, styging in lewenskoste, behuisingstekorte, verpligte militêre diensplig wat toetredes tot die arbeidsmark vertraag, toenemende getalle vroue wat die gesinsbouproses vertraag of onderbreek om te verdien, het almal 'n invloed op blanke geboortekoerse. Lötter (1981, bl. 11) stel dit ook dat "*Perhaps many young White South Africans have deferred marriage or child bearing in the last few years because they were socialized with regard to a particular life style in more affluent times*" en dat hulle inkomstes moeilik hulle aspirasies bevredig.

In die sewentigerjare het die aantal kinders onder die ouderdom van vyf jaar vir die eerste keer sedert 1933 (ná die Depressie) in *absolute getalle* gedaal (Sadie 1978, bl. 6). Die groot daling in blanke geboortes het veral na 1973 ingetree. Die "val" van Angola en Mosambiek en verwagte onstabilitet in Suider-Afrika was vir almal duidelik, terwyl die ekonomiese groeikoers in Suid-Afrika verlangsaam het. Tenoor die 90 500 blanke babas wat in 1979 gebore is, het die aantal blanke geboortes tot ongeveer 71 000 in 1980 gedaal. Hierdie syfer is byvoorbeeld laer as die geboortesyfer van 76 016 in 1959. Die invloed hiervan op die voorsiening van primêreskool-onderwysers word nie altyd goed besef nie.

Sadie (1978, bl. 7) merk tereg op dat "*Soon there may be a redundancy of White primary teachers*". Dit sou egter 'n fout wees indien blankes nie die geleentheid benut om die groot tekorte aan veral Kleurling- en swart onderwysers aan te vul nie.

Dat die blanke bevolking se geboortekoerse sterk op sosio-ekonomiese maar veral politieke impulse reageer, is duidelik. Die aantal blanke geboortes het in 1960-61 vinnig gedaal (ná Sharpeville en die onsekerheid tydens Republiekwording). Hierdie daling in 1960-61 is veral in 1979 en 1980 sterk in die blanke studentebevolking aan ons residensiële universiteite gereflekteer toe baie universiteite dalende studentegetalle ondervind het.

Na verwagting sal die blanke studentebevolking aan ons residensiële universiteite met slegs ongeveer 14 000 (van ongeveer 82 000 in 1980) tot 1992 toeneem om daarna af te plat sodat die 1978-vlak teen ongeveer 1997 bereik word (KUH-nuusbrief, no. 4:2 Junie 1979). Versigtige beplanning en veral na die kort opswaai wat in 1983 verwag word, sal nodig wees. Indien in gedagte gehou word dat die studente as persentasie van die totale blanke bevolking die hoogste na die VSA in die wêreld is, word waarskynlik een van die redes vir die hoeë druipsyfers aan Suid-Afrikaanse universiteite verklaar. Hoër losies- en klasgeld, verpligte militêre diensplig van twee jaar, die ontwikkeling van technikkons, ens. kan verdere kompliserende faktore vir universiteite en onderwyskolleges meebring.

Daling in geboortekoerse en hoër lewensverwagting bring 'n algemene *veroudering* van die blanke bevolking mee. Op die langtermyn word die

sosiale welsynslas op die ekonomies-bedrywige gedeelte van die bevolking hoër. Teen 1960 was 6,3% van die blankes ouer as 65 jaar teenoor slegs 2,5% van die Asiërs en 2,6% van die Kleurlinge.

Die invloed van dalende Blanke geboortekoerse op die gebied van mannekragvoorsiening is besonder betekenisvol. In die jongste tyd is genoeg daaroor gesê dat daar nie verder daarop uitgebrei hoeft te word nie. (Kyk bv. *Hoëvlakmannekrag in Suid-Afrika*. Nasionale Mannekrag-kommissie-verslag 1/1980 en die daaropvolgende witskrif oor die verslag van die Nasionale Mannekragkommissie insake Hoëvlakmannekrag in Suid-Afrika 1981.)

Die huidige Suid-Afrikaanse arbeidsmag van 10,5 miljoen sal na verwagting met meer as 7 miljoen in die volgende 20 jaar toeneem. Hiertoe sal die blankes net 8,1%, die Asiërs 2,2% en Kleurlinge 8,5% bydra, terwyl swartes se bydrae 81,2% sal wees. Op 'n jaarlikse basis vermeerder die wekerskorps met 242 000. Hiervan is slegs 12 uit elke 100 blankes, terwyl 73 uit elke 100 swartes is (Van der Merwe, 1981, bl. 39). Die *etniese samestelling* van die arbeidsmag sal derhalwe dramaties verander. Blankes is eenvoudig nie getallegewys in staat om die toevoegings tot uitvoerende poste wat ekonomiese groei vereis, te lewer nie "... *No community in the world has such large components of very high quality manpower.*" (Sadie, 1981, bl. 33.) Suid-Afrika verkeer dus in die onbenydenswaardige posisie van groot tekorte aan hoëvlakmannekrag en 'n groot surplus van ongeskoolde werkers.

Indien 'n betreklike hoë ekonomiese groeikoers gehandhaaf moet word om werkgeleenthede vir veral die snelgroeiente swart en Kleurlingvolksgroepe te skep, moet swartes, Kleurlinge en Asiërs so vinnig moontlik opgelei word om uitvoerende posisies te beklee. Blankes sal ook in die veranderende konstitusionele proses nie al die administrasie, beplanning, ens. vir dié ander volksgroepe, kan onderneem soos in die verlede nie.

Die Kleurlinge

Die Kleurlingbevolking het reeds gedurende die middel van die sestigerjare uit die ontploffingsfase beweeg en toon absolute afnames in geboortes (Sadie 1981, bl. 23). Navorsing wat in bepaalde Kleurlingwoonbuurte en ook op 'n landwye grondslag deur die RGN onderneem is, toon dat 40% van die Kleurlingvroue in die reproduktiewe lewensjaar, of moderne kontraseptiewe tegnieke gebruik het of gesteriliseer is. (Lötter, 1981, bl. 8.)

Vanweë die hoë geboortekoerse in die verlede is die Kleurlingbevolking oor die algemeen jonk met 39,7% onder die ouerdom van 15 jaar teenoor slegs 28,5% van die blankes. Werkgeleentheidskeletal en opleiding is dus prioriteite vir die Kleurlingbevolking en geweldige aansprake sal nog vir 'n geruime tyd op bv. skoolvoorsiening gemaak word. Leerlinggetalle sal ná die jaar 2000 waarskynlik aansienlik daal.

Dit bly egter 'n feit dat die natuurlike aanwas van die Kleurlingbevolking nog relatief hoog bly. Dit val op dat die natuurlike aanwas van Kleurlinge in 1977 die eerste keer, in absolute getalle, bokant die blankes gestyg het. Volgens die lae projeksies sal daar teen die jaar 2000 ongeveer gelyke getalle blanke en Kleurlingkinders op skool wees — dit neteenstaande die feit dat die Kleurlinge teen die jaar 2000 ongeveer 3,5 miljoen en die blankes 5,2 miljoen sal tel (lae projeksies).

Die Asiérbevolking

Die Asiérbevolking het reeds ongeveer 25 jaar gelede die oorgangsfase in die demografiese sirklus (fase III) deurloop en veral sedert 1972-73 'n vinnige afname in geboortekoerse ondervind. Met 91% van die Asiérbevolking wat verstedelik is en sosio-ekonomiese toestande wat vinnig verbeter, neem hulle al meer die demografiese profiel van die blanke bevolking aan. Teenoor 28,5% van die blankes wat onder die ouderdom van 15 jaar is, val 36,5% van die Asiërs in dié ouderdomsgroep. Volgens die lae projeksie sal leerlinggetalle ná 1995 'n dalende neiging toon.

Die swart bevolking

Die swart bevolking se natuurlike aanwas bly geweldig hoog. Daar is aanduidings dat geboortekoerse in stedelike gebiede 'n afname toon. (Kyk onder ander Lotter en Van Tonder 1976). Klinkklare bewyse ontbreek hoe die swart bevolking in 'n vinnige verstedelikingsproses ten opsigte van geboortekoerse sal reageer. In sekere Afrikalande het die eerste fase van verstedeliking geboortekoerse laat toeneem, terwyl daar by ander definitiewe afnames te bespeur is (Caldwell 1968 en Blacker 1968). Die daling in geboortekoerse by swartes wat in sekere stedelike gebiede waarneembaar is, het egter die verwagting geskep dat natuurlike aanwas vinnig sal daal. Dit bly egter 'n feit dat sterftekoerse as gevolg van beter lewensomstandighede en uitbreidende mediese dienste (veral na plattelandse gebiede) 'n skerp daling in veral kindersterftes teweegbring. Natuurlike aanwas sal dus nog vir 'n lang tyd hoog bly en kan selfs toeneem.

As gevolg van hierdie hoë geboortekoerse openbaar die swart bevolking al die demografiese eienskappe van 'n jeugdige bevolking met 43,7% onder die ouderdom van 15 jaar. In die nasionale state is dié persentasie hoër. Dit plaas 'n geweldige afhanklikheidslas op die ekonomies-bedrywigheid gedeelte van die bevolking. Waar elke 100 blanke ekonomies-bedrywighe mans slegs genoeg vir hulself en 87 kinders moet produseer, moet elke 100 ekonomies-bedrywighe swart mans die verantwoordelikheid van 162 kinders aanvaar. (Sadie 1981, bl. 24). Indien geboortekoerse nie drasties verminder word nie, sal die Swart bevolking alleen baie moeilik hulle algemene lewenstandaard kan verhoog.

Hoewel geboorte- en sterftekoerse vir die swart bevolking gebrekkig is, is daar tog teken dat differensiële bevolkingsgroei tussen die verskilende swart etniese groepe plaasvind. In 'n fertilitetsopname wat in 1975-76 deur die Departement van Statistiek uitgevoer is, is bv. gevind dat slegs 18,7% swart vroue wat ondervra is kontraseptiewe aanwendingsmetodes gebruik het, teenoor 57,7% van die blankes en 50,9% van die Kleurlinge. Wat egter opvallend is, is dat "*Ten opsigte van die verskillende Bantoevolkseenhede maak die Shangaans en Vendas die minste gebruik van kontraseptiewe aanwendingsmetodes, nl. 6,0 persent en die Xhosas die meeste, nl. 29,3%*". (Statistiese nuusberig 17 Nov. 1976.) Latere kontak met blankes verklaar waarskynlik hierdie verskynsel by die Vendas en Shangaans. Waarskynlik is daar in Suid-Afrika soos in Afrika ook "gordels" van hoë en lae fertilitet onder die swart bevolking. (Kyk onder ander *Fertility and family planning among Blacks in Southern Africa*. J.M. Lötter, 1976.)

Die aantal swart leerlinge (Transkei, Bophuthatswana en Venda ingesluit) sal volgens die lae projeksie van die huidige net meer as 4 miljoen tot net meer as 7 miljoen in die jaar 2000 toeneem. In teenstelling met dié blankes, Kleurlinge en Asiërs word daar geen daling in swart leerlinggetalle voor ná 2015 voorsien nie. Die druk op onderwys en opleiding sal dus in die toekoms geweldig wees. Indien pariteit met die blankes in skoolvoorsiening vir alle rassegroepe voorsien moet word, sal die huidige besteding aan onderwys wat tans ongeveer 15% van die totale staatsbesteding uitmaak tot ongeveer 38% opgeskuif moet word. Selfs al het Suid-Afrika die geld om die fasiliteite te skep, sal daar nie onmiddellik genoeg onderwysers beskikbaar wees nie.

Bevolkingsherverspreiding

Bevolkingsherverspreiding binne die grense van 'n land of streek het verreikende sosio-ekonomiese en politieke implikasies. Op dié implikasies in beide ontwikkelde as ontwikkelende lande het veral die World Population Conference (1974) en Habitat Conference on Human Settlements (1976) die aandag gevestig (Pryor, 1978, bl. 23). In die VSA word die proses van verstedeliking tans opgevolg deur . . . a process of population deconcentration characterized by smaller sizes, decreasing densities, and increasing local homogeneity, set within widening radii of national interdependence (Berry, 1980, bl. 13). Doelbewuste strategieë ten einde bevolkingsherverspreiding te beïnvloed, het tot dusver in beide kapitalistiese en kommunistiese lande misluk (Demko en Fuchs 1978, bl. 15). *Die bevolking van Suid-Afrika toon al groter neigings tot herverspreiding of mobiliteit.* Die verandering van instromingsbeheermaatreëls (bv. die moontlike afskaffing van die 72-uur-bepaling) sal nog groter mobiliteit vir swartes meebring. Hierdie herverspreiding moet deeglik in ag geneem word by die bepaling van die grootte en lokaliteit van skole, hospitale, sportfasiliteite, ens. *Dit is te betwyfel of ons in sekere dele nog so permanent kan bou soos in die verlede.*

Die totale bevolking

Die migrasiepatroon in Suid-Afrika neem hoofsaaklik twee hoofkemerke aan. In die eerste plek is daar 'n verskuwing van dié bevolking van die suide in 'n noordelike en noordoostelike rigting. Tweedeens is daar 'n toenemende konsentrasie van die bevolking en by name die blankes in die vier groot metropolitaanse gebiede.

Die trek na die Noorde word daarin gereflekteer dat die Kaapprovinsie nog in 1936 die grootste gedeelte (36,7%) van die totale bevolking gehuisves het. Teen 1980 het egter slegs 23,5% van die totale bevolking en 27,8% van die blankes in die Kaapprovinsie gewoon. Transvaal en Natal het hulle persentuele aandeel van die totale Suid-Afrikaanse bevolking volgehou en ten koste van die Kaapprovinsie en die OVS vergroot.

Wat die totale bevolking betref, het 57 distrikte in die Kaapprovinsie en 21 in die OVS in die tydperk 1970-80 bevolking verloor, terwyl slegs 19 distrikte in Transvaal en 17 in Natal 'n daling in totale bevolkingsgetalle ondervind het.

Die nasionale state

Grensveranderinge, konsolidasie, hervestiging en die moontlikheid dat 'n ondertelling in 1970 plaasgevind het, is daarvoor verantwoordelik dat die nasionale state abnormale hoë bevolkingstoenames in die periode 1970 tot 1980 ondervind het. Teenoor 'n gemiddelde groei van 29,5% van die totale swart bevolking het die nasionale state 'n gemiddelde groei van 65,8% in die inter-sensusperiode ondervind. Veral Qwaqwa (512%), KwaNdebele (412%) en KaNgwane (202%) troon in dié verband uit. Die toestroming van Ndebeles na KwaNdebele kan feitlik met 'n volksbeweging, soos Israel ná 1948 ondervind het, vergelyk word.

Die blankes

Die blanke bevolking het *absolute* afnames in 196 landdrosdistrikte getoon, terwyl 120 distrikte toenames ondervind het. Groot afnames is veral in die Kaapprovinsie (89 distrikte) en die Oranje-Vrystaat (38 distrikte) ondervind. Die PWV-gebied en Suidwes-Kaapland het meer as 53% van alle winsverskuiwings geabsorbeer — op ongëveer 2% van die landsoppervlakte. Ontvolking van die platteland in veral die sentrale Karoo, Suid-Vrystaat, Noord- en Noordwes-Transvaal wat deur Smit (1973) aangetoon is, duur voort.

Tien distrikte met die hoogste relatiewe winsverskuiwings is vir bykans 60% van die totale winsverskuiwing verantwoordelik, naamlik Kershertonpark, Bellville, Alberton, Pinetown, Randburg, Boksburg, Pretoria, Newcastle, Hoëveldrif en Roodepoort. Die blankes het relatief stadiig in die volgende distrikte toegeneem en derhalwe die verste by die landsgemiddelde agtergeraak: Johannesburg, Durban, Port Elizabeth,

Oos-Londen, Kaapstad, Krugersdorp, Germiston en Westonaria. Die PWV-gebied het bv. sy aandeel van die totale blanke bevolking van 38% tot 41% verhoog.

Soos by die groter stede van die Westerse Wêreld is blankes in Suid-Afrika ook besig om uit die sentrale stadsgebiede na die soomgebiede te beweeg. Aansienlike intra-stedelike migrasie word byvoorbeeld in Johannesburg en Kaapstad waargeneem en behoort vir beplannings-doeleindes ernstige aandag te geniet (kyk in dié verband Zietsman, 1980; Scheepers, 1973).

Die Kleurlinge

In *absolute* getalle het die Kleurlinge in 40 distrikte van die Kaaprovincie, veral die Karoodele en Noordwes-Kaapland, afnames getoon. Die Suidwes-Kaap (veral Wynberg, Kuilsrivier en Bellville) ondervind die grootste in-migrasie van Kleurlinge. Dit is opvallend dat 68 distrikte in Transvaal, 38 in die Oranje-Vrystaat en 36 in Natal absolute toenames van Kleurlinge ondervind het.

Die tien landdrosdistrikte met die grootste relatiewe toenames is Wynberg (34,3%), Kuilsrivier (8,4%), Bellville (6,9%), Kimberley (4,1%), Inanda, Alberton, Malmesbury, Uitenhage, Vredenburg en Randfontein. Die landdrosdistrikte met die grootste relatiewe afnames is Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Graaff-Reinet, Beaufort-Wes, Calvinia, Stellenbosch, Germiston, Riversdal en Krugersdorp. Dit is duidelik dat die Kleurlingbevolking aan hoe mobiliteit onderworpe is en daar moet noukeurige demografiese analises gemaak word voordat fasiliteite, veral in die plattelandse gedeeltes van die Kaaprovincie, voorsien word. Verder moet die daling in geboortekoerse ook in ag geneem word.

Die Asiërs

Die Asiérbevolking het in 88 landdrosdistrikte *absolute* afnames getoon, terwyl 122 distrikte *absolute toenames* ondervind het.

Die drie distrikte Inanda, Pinetown en Pietermaritzburg het meer as 80% van die *relatiewe* toenames van die Asiërs geabsorbeer. Ander distrikte met groot relatiewe toenames is Benoni, Johannesburg en Empumalanga. Relatiewe afnames is veral in distrikte soos Durban, Lower Tugela, Vulindlela, Kwa-Mapumulu en Umzinto ondervind.

Die swart bevolking

Daar is reeds aangetoon dat die nasionale state geweldige vinnige toenames van swartes ondervind het. Die swart bevolking het in 185 landdrosdistrikte *absolute* toenames en in 131 *absolute* afnames getoon.

Die distrikte met die grootste relatiewe toenames is Mdutjana, Witsieshoek, Madadeni, Eerste-hoek, Kemptonpark, Embumbulu, Vanderbijl-

park, Mdantsane, Sekhukhuneland en Zwelitsha. Distrikte wat groot relatiewe afnames in swart bevolkingsgetalle ondervind het, is Durban, OosLonden, Krugersdorp, Pelgrimsrus, Middelburg (Tvl.), Bloemfontein, Pretoria, Vryheid, Soutpansberg en Randburg.

By die swart bevolking moet hervestigingskemas, die beplanning van stedelike gebiede (wat in die volgende paar jaar dringende aandag verdien) en grondkonsolidasie deeglik in ag geneem word wanneer plaaslike geriewe beplan word.

Van 1 Januarie 1968 is alle gesinshuisvesting in swart woonbuurte wat naby tuislande geleë is, bevries. Gesinshuisvesting het daarna hoofsaaklik in nabygeleë tuislanddorpe plaasgevind. Ná 1976 is dié beperkinge opgehef en word grootskaalse behuisingsprojekte in swart woonbuurte aangepak om agterstande uit te wis. Die Suidwes-Kaap bly 'n voorkeurgebied vir Kleurlingarbeid en swart mans word hoofsaaklik toegelaat om as trekarbeiders die gebied binne te kom. Die toestroming na dié gebied en die ontwikkeling van woonbuurte om plakkies van byvoorbeeld Kruispad te vestig, sal die bevolkingsamestelling van swartes ingrypend raak.

Die desentralisasie van mag

Dit lyk logies dat welvaartfunksies (hospitalisasie, dienste en in sekere mate onderwys) van die sentrale owerheid na streekvlakte of plaaslike overheidsvlakte gedesentraliseer moet word en dat die verskillende gemeenskappe self oor hulle toekoms moet besluit en sake van gemeenskaplike belang self moet behartig. Dit lyk asof daarvan wegkom moet word dat die staat alles reël en dat veral alle regte en voorregte in wetgewing verskans word.

Gedifferensieerde bevolkingsgroei en groter interne migrasie mag natuurlik verrekende implikasies op 'n model van magsdesentralisasie uitoefen. *Hierdie aspekte moet derhalwe deeglik in toekomstige konstitutionele bedelings in berekening gebring word.*

Ná meer as 300 jaar van saamwoon in Suid-Afrika, bewoon die verskillende rassegroepe nog in 'n groot mate hulle "oorspronggebiede" (Smit 1977, bl. 7). Dit geld veral vir die verskillende swart volke (Zoeloës, Xhosas, Vendas, ens.), maar ook vir die Kleurlinge en Asiërs. Dit is besliste pluspunte vir desentralisasie van mag en die beginsel dat elke gemeenskap seggenskap oor sy eie aangeleenthede moet uitoefen.

Wat die blankes betref, maak hulle egter net die meerderheid van die totale bevolking in agt landdrosdistrikte (Germiston, Pretoria, Simonstad, Kaapstad, Randburg, Bellville, Roodepoort en Newcastle) uit.

Die Kleurlinge maak in die meeste landdrosdistrikte in die Kaapprovincie die meerderheid van die totale bevolking uit. Indien die swartes buite rekening gelaat word (soos die regeringsbeleid tans staan, moet

politieke magte in die tuislande uitgeoefen word), maak hulle van die blankes en Asiërs die meerderheid van al die distrikte in die Kaapprovinsie (behalwe Simonstad en Kaapstad) uit. Selfs in die Suid-Vrystaat is Kleurlinge in 'n aantal landdrosdistrikte in die meerderheid.

Blankes, Kleurlinge en Asiërs maak gesamentlik die meerderheid uit in 'n gebied wat die land van Port Elizabeth tot by die grens van Botswana in twee verdeel. Sommige persone het al hierdie verdelingslyn as 'n staatkundige oplossing vir Suid-Afrika voorgestel (Blenck en Van der Ropp, 1977). Dit blyk in elk geval onrealisties te wees.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat landdrosdistrikte nie as basis vir streek indelings met die oog op politieke desentralisasie gebruik kan word nie. Daar sal derhalwe na kleiner eenhede gekyk moet word terwyl metropolitaanse gebiede as streke moontlikhede bied.

Verwysings

- Berry, B.J.L., 1980. Urbanization and counterurbanization in the United States. *The Annals of the American Academy* 451 Sept. 1980, pp. 13.
- Blacker, J.G.S., 1968. Population and economic development; the rôle of family planning in African development. *Proceedings Institute Planned Parenthood*, Nairobi.
- Blenck, J. en Van der Ropp, K. 1977: Republic of South Africa: Is partition a solution? *SA Journal of African Affairs* Vol. 7. no. 1 1977, pp. 21-32.
- Caldwell, J.C., Population growth and family change in Africa. Canberra.
- Demko, G.J. en Fuchs, R.J., 1978: An evaluation of population redistribution instruments and policies in the developed western and socialist countries. International Geographical Union. *Proceedings of the symposium in Oulu, Finland*.
- Komitee van Universiteitshoofde (KUH) : Nuusbrief no. 4.2. Junie 1979.
- Lötter, J.M., 1981: The South African population, its growth and expected trends. *RSA 2000*, Vol. 3 no. 2, 1981. RGN Pretoria.
- Lötter, J.M. en Van Tonder, J.L., 1976: Fertility and family planning among Blacks in South Africa: 1974. HSRC Pretoria.
- Nasionale Mannekragkommissie, 1980: *Hoëvlakmannekrag in Suid-Afrika*. Verslag no. 1/80, Pretoria.
- Pryor, R.J., 1978: Population redistribution policies in developed countries and the International Geographical Union case of Australia. *Proceedings of the symposium in Oulu, Finland*.
- Republiek van SA. Departement van Statistiek, 1976. *Statistiese nuusberig*, 17 Nov. 1976. Pretoria.

- Sadie, J.L. 1978: Contemporary White population growth and its labour force implications. *Tydskrif vir Studies in Ekonomiese en Ekonometrie*, no. 3. 1976, pp. 4-10.
- Sadie, J.L., 1981: Labour force 2000. *RSA 2000*, Vol. 3, no. 2. RGN, Pretoria.
- Scheepers, L.G., 1973: Die mobiliteit van blanke laerskoolleerlinge in Johannesburg en omgewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, RAU Johannesburg.
- Smit, P., 1973: Die ontvolking van die blanke platteland — onlangse tendense. *Unisapublikasiereeks*, Pretoria.
- Smit, P., 1977: *Profile of a plural society*. Instituut vir plurale studies. Universiteit van Pretoria.
- Van der Merwe, P.J., 1981: Die ontwikkeling van mannekrag in Suid-Afrika. *RSA 2000*, Vol. 3, no. 2. RGN, Pretoria.
- Van Tonder, J.L. en Mostert, W.P., 1980: Bevolkingsprojeksië vir Suidelike Afrika vir die tydperk 1970-2020. Verslag nr. S.73. RGN, Pretoria.
- Witskrif oor die verslag van die Nasionale Mannekragkommissie insake Hoëvlakmannekrag in Suid-Afrika, Staatsdrukker, Pretoria.
- Zietsman, H.L., 1980: Ruimtelike patronen vir Blanke residensiële mobiliteit in die Kaapse metropolitaanse gebied. *SA Geograaf*, Vol. 8. no. 2. 1980.